

7 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 3:7-31
Fokusgedeelte: Rigters 3:12-30

Ehud was links

Die Here leer ons met hierdie geskiedenis dat Hy dikwels die mees onwaarskynlike kandidaat roep om sy werk op die mees onverwagte wyse te doen. Ehud word geroep in 'n tyd toe die volk weer van God afgedwaal het en koning Eglon van Moab hulle met 'n sterk koalisiemag verdruk het. Hulle moes swaar belastings aan hom betaal. En dan volg dié oënskynlik onbelangrike mededeling: Ehud was links. Hoekom? Want iemand wat links was is destyds, net soos vandag, as onhandig beskou. Oënskynlik was hy dus nie iemand wat geskik sou wees vir 'n besondere taak nie. Maar linkshandige soldate was in daardie tyd baie gesog (Rig 20:16; 1 Kron 12:2) veral dié uit Benjamin en dit was juis Benjamin wat die swaarste gelei het onder Eglon. God kies Ehud, want niemand sou die eerlike en, op die oog af, onhandige man verdink van 'n sluipmoord op die koning nie.

Maar Ehud was juis die regte man op die regte plek om God se werk te doen. Hy voer sy opdrag met militêre presiesheid uit en bring God se oordeelsboodskap aan Eglon om só weer vir sy volk vrede te bewerk.

Met hierdie onwaarskynlike kandidaat wat op 'n heel onverwagte wyse te werk gaan, plaas God die fokus totaal weg van die mens na Homself. Dit is Hy wat sy volk bevry en vrede bring. Dit was net so met Christus. Niemand het 'n profeet uit Galilea verwag nie en tog was die seun van 'n skrynwerker van Nasaret die Verlosser van die wêreld.

Dink jy dat die Here jou nooit sal gebruik nie? Voel jy nie toegerus nie? Dalk is jy fisies gestremd of dink jy dat jy nie genoeg gawes het nie? Nee, in Christus is jy geroep en toegerus met die Heilige Gees. Wees gereed, want jy is dalk volgende keer die regte mens op die regte plek om God se boodskap aan iemand te bring.

Sing: Psalm 18:15

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)